

Dinsdag 24 April

Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 1:11-12

Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 1:11-12

Bid dat God in die tussentyd kragtig in ons sal werk

Die wonderlike verheerliking van ons Here Jesus kom. Die Here moet egter ook nou al deur ons verheerlik word. Sommige gemeentelede in Tessalonika het opgehou om hulle verantwoordelikhede na te kom, omdat hulle 'n spoedige wederkoms verwag het. Dit is nie hoe ons op die wederkoms moet wag nie. Die Here wil ons aan die werk vind. Daarvoor het ons krag nodig. Paulus bid juis dat God daardie krag aan die gelowiges sal voorsien.

Hy bid dat God die nodige krag sal gee om hulle roeping tot met die wederkoms te kan uitleef en om reg te kan lewe. Ons verheerlik ons Here as ons deur sy krag waardig ge-maak word vir ons roeping. God maak ons waardig omdat Hy ons in staat stel om aan die standaard te voldoen soos Hy dit vir ons in sy Woord uitspel.

Paulus bid ook vir God se krag sodat gelowiges se voornemens en hulle geloofsdade tot volle uitvoering kan kom. Ons verheerlik die Here ook as ons nou doen wat Hy van ons verwag. So het Christus ook die Vader verheerlik deur sy opdragte uit te voer met sy ver-soeningswerk (vgl. Joh. 17:4). Dit sluit in ons innerlike en uiterlike lewe. Die totale mens.

Dit is net genade as gelowiges dit regkry, genade wat die Heilige Gees in ons moet werk. So sal ons nou reeds Christus die verheerliking kan gee wat Hom toekom.

Kom ons bid vir mekaar sodat God sy krag so in ons laat werk dat ons beantwoord aan ons hoogste doel – om Hom te verheerlik. So sal die Naam van ons Here Jesus Christus deur ons verheerlik word en ons deur Hom, in ooreenstemming met die genade van die Here.

Sing: Skrifberyming 18-3:8, 9

Ds. HG (Garrie) Schutte (Suidkus)